Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 21 AUG 2009

Wonder hoekom sê 'n mens "sjoe", maar dit is koud, want "sjoe" beteken eintlik "warm". Dankie aan ons ouers wat aan ons versoek voldoen om hulle siek kind/kinders by die huis te hou. Ons waardeer dit. Daar is egter nog steeds ouers wat siek kinders skool toe stuur. Ons weet almal op watter wyse die wintersiektes aansteek en doen weer eens 'n **ernstige beroep** op u om asseblief gehoor te gee aan ons versoek om u kind liefs by die huis te hou. Skakel asseblief die kantoor indien u kind siek is, sodat die personeel daarvan verwittig kan word.

GRAAD 1 OPE-DAG

Hiermee word alle voornemende Graad 1 leerders vir 2010, vriendelik na Primêre Skool Jim Fouché se ope-dag uitgenooi.

DATUM: 4 September 2008
TYD: 14:00
PLEK: J.F. Skoolsaal

BELANGRIKE KENNISGEWING

Vanaf Maandag, 24 Augustus kom die skool vir al die Graad 4 – 7 leerders om 13:30 uit aangesien voorsiening vir 'n leesperiode gemaak moet word.

FINANSIES

Skoolfondsrekeninge is weer hierdie week uitgestuur. Maak asseblief seker dat u die rekening ontvang, teken die afskeurstrokie en stuur terug aan die skool. Daar is weer eens 'n groot groep rekeninge oorhandig vir invordering en ons versoek u, indien u rekening 'n agterstallige bedrag toon, dringend die kantoor te skakel om oorhandiging te voorkom aangesien dit verdere kostes meebring.

In die huidige ekonomiese klimaat verkeer almal onder stress, maar daar is tog maniere om stress op 'n natuurlike wyse te verlig. Volg die volgende wenke om stress onder u kinders te verminder :

Skool- en groepsdruk veroorsaak voortdurende spanning en kommer. Saam met slegte eetgewoontes, kan dit lei tot afwykende gedrag en selfs ernstige siekte. Gemorskos waaronder lekkers, sout, kaasstrooitjies, roomys, bruisdranke, koek, en gebraaide kosse ook tel, bou nie breinselle, bene, tande en hare nie en hou nie die vel vlekkeloos nie. Dié kosse maak die liggaam stadig en lusteloos, lei tot gewigstoename en maak dat die kind voel hy/sy kan nie byhou nie.

Vir breinkrag gee jou kinders songedroogde vrugte, neute en sade in die kosblikkies. Leer hulle om van wortelstokkies, komkommerskyfies, babatamaties en vrugte te hou – dit gee energie en uithouvermoë. Moedig hulle aan om meer water te drink, as jy koekies bak, bak hawermoutkoekies.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

VOORTREKKERS

Baie sterkte aan Beané Jooste wat hierdie naweek die koue op Doornkloof moet trotseer. Sy is een van die kandidate wat die PD toetskamp bywoon. Sy het baie hard gewerk en is goed voorberei. Ons glo dat dit ook baie goed met haar sal gaan.

Dankie aan mnr. Piet wat die Bloemfontein kinders vergesel en ook as toetsoffisier sal optree.

FEES VAN MUSIEK

Baie geluk aan ons Senior- en Juniorkoor wat tydens die afgelope Fees van Musiek opgetree het. Ons is baie trots op julle en wil julle ook gelukwens met julle puik dissipline. Mnr. Chester Meyer en juf. Jorien Barnard het hulle baie goed van hulle taak gekwyt.

Dankie aan ons ouers vir u ondersteuning tydens die vele oefensessies en optrede in die stadsaal.

REVUE / TROMPOPPIES

Baie dankie aan al die ouers vir hulle samewerking en ondersteuning tydens die pas afgelope Revue- en trompoppiefees in die Sand du Plessis Teater.

Ons kinders het die optrede baie geniet en die blootstelling was van groot opvoedkundige waarde vir hulle.

HUISEIENAARS

Wil u gaag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 – 4463913.**

KOEIKAMP NUUS

Hier in die kantoor het ons nou die koei wat haar 'drop" sal moet ken, gedoop. Haar naam is "Melkskommel". Sy het ons nou al 'n paar maal met haar teenwoordigheid kom verras en met haar potsierlike lyfie en soms onvas-op-die-voete passies, sorg sy vir prettige oomblikke.

Baie dankie aan al ons leerders wat reeds flink koeikaartjies verkoop. Soos julle reeds in die vorige weekbriewe gesien het, is daar baie pryse op die spel vir leerders asook hulle ouers wat die meeste kaartjies/boekies verkoop. Doen so voort.

HUIS-VAN- OMGEE

Vier matriekleerders van Hoërskool Jim Fouché is betrokke by bogenoemde huis in Bainsvlei. Hierdie huis is 'n nuwe projek en funksioneer slegs op skenkings en donasies van die publiek. Enige bydraes deur die ouergemeenskap van J.F. sal waardeer word.

Kontakpersoon: Amelda Mynhardt by 0828230833.